# SAWA WATERBERG VIER HUL 10de VERJAARSDAG



**SAWA Waterberg het hulle 10de verjaarsdag gevier by Marula Mountain Village vanaf 9 – 11 November.**



**Die Oord was pragtig groen en Oord Bestuur het al die fasiliteite opgeknap (met aanmoediging van Waterberg Bestuur); die ablusie fasiliteite was veral netjies en skoon.**



**Lede van SAWA Waterberg was maklik sigbaar met hulle serpies en wit hemde. Ons gaste het positiewe kommentaar gelewer hieroor.**



**Ons was bevoorreg om lede van die NUB by ons te he'. Ook Streek Kiepersol, Koraal en Olifant het ons kom ondersteun**




**129 gaste het die dinee Saterdag aand bygewoon !!!!!!!**



**Kobus Vorster, SAWA Lid Nr. 2, vertel van die geskiedenis van SAWA**



**Vrydag aand word daar lekker gekuier om die ‘braaivure’. Ons dames sorg vir puik ‘slaaibakke’ en Marula voorsien die ‘pap en sous’.**



**Frank Veldsman, SAWA Waterberg lid, sorg vir ‘60’s and 70’s’ musiek; baie profesioneel en smaaklik.**



**Ons dinee Saterdag aand was pragtig. Marula Mountain Village versier die saal en bedien ‘n 3 gang ete – baie smaaklik !!!!!**



**Sondag oggend na die Erediens word die Verjaarsdag koek gesny.**

**Baie dankie aan al ons borge vir hulle ondersteuning. Groot dankie aan Marula Mountain Village vir ‘n puik naweek !!!!!**

**MEL UECKERMANN**
**SAWA Waterberg**
**22 November 2007**